basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V2

FEBRUARIE/MAART 2012

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
- Dit breek gesinne op./Dit breek families af.
- Dit beïnvloed die sedelike/morele en sosiale karakter van die samelewing aangesien die gesin die oordraer van waardes is.
- Kinders en vroue is die weerloosste en kan hulleself nie verdedig nie.
- Sonder gesinsondersteuning is kinders blootgestel aan sosiale euwels soos die misbruik van middels, seksuele mishandeling, ens.
- Skolastiese prestasie van kinders neem vinnig af.
- Uitsaktempo in skole neem toe.
- Aangesien gesinstrukture deur geslagsgebaseerde geweld verswak word, neem sosiale probleme toe, bv. armoede, verstote kinders.
- Kinders wat aan geslagsgebaseerde geweld blootgestel word, raak dikwels self skuldig daaraan.

LET WEL: Enige ander redelike antwoord sal aanvaar word. (10)

1.2
- Voed gemeentes op oor die korrekte godsdienstige leringe uit hulle heilige geskrifte.
- Pak die geslagsvooroordele van die verlede aan.
- Maak seker dat 'n hulptoonbank vir mishandelde vroue beskikbaar en toeganklik is.
- Stig 'n 'veilige huis' vir mishandelde vroue.
- Verskaf berading aan mense wat probleme het met die hantering van intieme verhoudings.
- Wys daarop dat geslagsrolle sedert historiese tye verander het.
- Reël seminare om bewustheid van geslagsgebaseerde geweld te verhoog.
- Voed publiek op (gemeentes) oor wetgewing en voorspraak wat geweld teen vroue aanpak.
- Bv. Domestic Violence Act, Sixteen days of Activism Against Women and Children Abuse. (10)

1.3. Opsie 1
Ja:
- Volgens baie godsdienstige geskrifte word die man beskryf as 'in beheer' van die vrou.
- Vroue word geleer om mans te respekteer en te dien.
- In die Bybel verwys Sarah, Abraham se vrou, na hom as 'my meester'.
- Paulus sê dat hy nie sal toelaat dat 'n vrou die gemeente toespreek nie.
- Dit skep 'n meerderwaardigheidskompleks in mans wat lei tot boelie van vroue.
- In Joodse geskrifte verwys prostitusie na vroue, maar nie na mans nie.
- In baie heilige geskrifte word egbreuk uitgebeeld as 'n sonde wat deur vroue gepleeg word, mans word nie ingesluit nie.
- Vroue word gemaak om minderwaardig te voel, en aanvaar die mishandeling deur mans.
- Volgens Islamitiese wette ontvang vroue die helfte van 'n man se deel.

- Volgens die Islamitiese wet van erfenis, kan 'n man tot soveel as vier vrouens hê, terwyl 'n vrou nie meer as een man mag hê nie.
- Volgens die mees ortodokse Judaïstiese interpretasies mag slegs mans deurgangsrites vier. '
- Mans kry ook belangrike rituele pligte, bv. mans lei die diens by begrafnisse in Boeddhisme en Hindoeïsme.
- Volgens Hindoeïsme mag weduwees nie weer trou nie, maar wewenaars wel.
- Die stigterslede van godsdienste was almal mans.
- Daar word na God in die manlike geslag verwys wat dus die status van mans verhoog.
- Uit die voorbeelde hierbo is dit duidelik dat godsdienstige leringe godsdiensvooroordeel teen vroue skep.

(Ander relevante antwoorde moet aanvaar word.)

Opsie 2
Nee:

- Godsdienstige tekste bevorder gelykheid tussen die geslagte.
- Dit word egter doelbewus deur mans verkeerd vertolk om vroue te onderdruk.
- Vooroordeel bestaan dus nie in godsdienste nie, maar in sosiale kontekste.
- Godsdiens probeer om vroue en swakkes ten mishandeling te beskerm.
- In die Bybel word mans beveel om hulle vroue lief te hê en te eer (Efesiërs 5: 22-25).
- Daar is aangehaalde voorbeelde van vroue wat belangrike rolle in godsdiensgeskiedenis gespeel het, bv.
    1. Moses was 'n groot profeet en hy is deur twee vroue beskerm, sy ma en sy suster.
    2. Die eerste twee mense wat Jesus se graf besoek het, was vroue – Maria Magdalena en Martha .
- Volgens Hindoe-geskrifte (Upanishads) word vroue vereer in die woorde, 'Waar vroue aanbid word, woon die gode."
- Hindoe-gode is beide manlik en vroulik.
- Skrywers van die Vedas was beide mans en vroue.
- Volgens die Islamitiese Hadith, 'Lê die Paradys onder jou moeder se voete'.
- Volgens Islamitiese wette het vroue absolute reg oor hulle eiendom, selfs wanneer hulle trou.
- In ATG neem hoofsaaklik vroue die rol van waarsêer of sangoma aan.
- Die tradisionele Afrika-samelewing is ook matriargaal.
- Uit die voorbeelde hierbo is dit duidelik dat godsdienstige leringe nie vooroordeel teen vroue skep nie.

(Ander relevante antwoorde moet aanvaar word.) (30)
[50]

VRAAG 2

2.1 Afrika Tradisionele Godsdiens (2)

2.2 Christenskap
Islam
Judaïsme (4)

2.3
- Die teorie is deur Charles Darwin voorgelê/aangebied.
- Dit bestaan uit vier hoofidees.
- Spesies bevat 'n groot verskeidenheid klein verskilletjies.
- Beide die wêreld en spesies het oor tyd verander.
- In die stryd om oorlewing sal beter aangepaste variasies begunstig word, terwyl dié wat nie is nie, uiteindelik sal uitsterf.
- Op hierdie wyse kan 'n spesie geleidelik sy vorm verander en meer kompleks word.
- Die teorie stel voor dat alle lewe uit primitiewe vorme ontwikkel/evoleer het en voortgaan om te ontwikkel/evoleer.
- Die evolusieleer vervang nie godsdienstige oortuiginge nie.
- Dit is 'n wetenskaplike poging om die oorsprong en ontwikkeling van die lewe, soos wat ons dit waarneem, te verduidelik.
- Dit gee leerders 'n breër uitsig van die lewe/bestaan.
- Dit moedig kritiese denke en navorsing aan.
- Jy hoef jou dus nie oor die onderrig van hierdie teorieë in ons skole te bekommer nie. (14)

2.4
- Die Afrika Tradisionele Godsdiens het nie 'n probleem met die evolusieleer nie.
- Alhoewel daar in 'n opperwese geglo word, speel hierdie wese nie 'n belangrike rol in godsdienstige oortuiginge en praktyke nie.
- Afrika Tradisionele Godsdiens beskou die godheid as afgeleë/verwyderd en bo die begrip van mense.
- Die skepping van die mens het baie mites in Afrika Tradisionele Godsdiens.
- Dit word as simbolies beskou.
- Alhoewel wetenskaplikes ongelooflike ontdekkings oor die natuur en die heelal gemaak het, lyk die wêreld te kompleks om die bestaan van 'n intelligente ontwerper uit die weg te ruim.
- ATG-studente wat die teorie van intelligente ontwerp ondersteun, verwerp nie die evolusieleer nie, maar sê dat dit nie die enigste verduideliking van die skepping kan wees nie.
- Alles wat bestaan, kan beskou word as 'n 'lewendige volkomenheid/heelheid' wat dit in 'n verskeidenheid gesigte en fases manifesteer.
- Menslikheid/Mensdom is een van hierdie fases.
- Mense het ontstaan a.g.v. 'n voortdurende uitruil van kragte/magte.
- Tradisionele Zulus glo mense het uit die water/see verskyn.
- Die rietdans vier die vernuwing van die lewe en die aankoms van die mens aangesien riete uit die water gebruik word om hutte te bou. (20)

2.5
- Die wetenskaplike teorie van die skepping van die heelal word die oerknalteorie genoem.
- Dit verduidelik hoe die heelal ontstaan het.
- Die evolusieleer verduidelik die ontwikkeling van lewe vanaf 'n eenvoudige vorm tot by die mees voltooide vorm vandag.
- Hierdie ontwikkeling sluit die evolusie van mense in deur die primitiewe stadiums tot by moderne mense.
- Daar word geglo dat evolusie selfs vandag nog voortgaan.
- Die studie van evolusie van die heelal word kosmologie genoem. '
- Wat voor die oerknal bestaan het, is nie bekend nie.
- Daar was 'n groot ontploffing in die ruimte en binne sekondes het die heelal verskyn en tot 'n enorme grootte uitgedy/toegeneem.
- Dit het vyftien biljoen jaar gelede gebeur.
- Klein temperatuurverskilletjies in die aanvanklike ontploffing het tot verskillende digthede regoor die heelal gelei.
- Dit het uiteindelik bondels materie en energie gevorm.
- Groot ruimtes het hierdie bondels geskei.
- Dit het uitgestrekte versamelings sterre wat ons sterrestelsels noem, gevorm.
- Party sterrestelsels het in 'n kombinasie van sterre, wat sonnestelsels genoem word, verdig./saamgevat.
- Ons aarde is in een van die sonnestelsels.
- Dit is waar die evolusie van lewe plaasgevind het.
- Weereens word die bestaan van 'n opperwese uit die weg geruim.
- Dit verskaf slegs wetenskaplike (feitelike) verduideliking van die struktuur en samestelling van die heelal. (10)

[50]

VRAAG 3

3.1
- 'Normatief' kan as die stel van standaarde gedefinieer word.
- Die bronne het omskrewe/bepalende stellings wat stel/bevestig hoe dinge moet wees.
- Dit wys ook waardes, wat goed en sleg is, en wat reg en verkeerd is.
- Hierdie bronne het hoofsaaklik uit mondelinge tradisie ontstaan.
- Party gelowe glo dat God met volgelinge 'praat' wat dan die teks neerskryf.
- Elke godsdienstige tradisie het 'n begin, 'n bron, wat normatief is.
- Bron verwys nie na die oorsprong nie, maar stel voor hoe mense daarna terugkeer om antwoorde te vind. (10)

3.2
- Hermeneutiek beteken om 'te interpreteer'.
- Hermeneutiek rig die interpretasie van geskrifte volgens hulle eie konteks.
- Dit behels dat daar na 'n heilige geskrif gekyk word en faktore soos 'watter tipe geskrif dit is' oorweeg word.
- Wanneer is dit geskryf?,
- Wie het dit geskryf?.
- Hermeneutiek verseker dat daar geen vooroordeel in die interpretasie van godsdienstige teks is nie.
- Hermeneutiek neem in ag dat tekste op 'n spesifieke tyd en in 'n spesifieke kultuur in die geskiedenis geskep is.
- Die gevolg is 'n duideliker, akkurater interpretasie van 'n godsdienstige bron.
- Hermeneutiek maak verifikasie moontlik deur kruisverwysing van een teks met 'n ander, of een vers met 'n ander. (10)

3.3
- Afrika Tradisionele Godsdiens het nie 'n geskrewe teks nie.
- Al hulle gelowe en oortuiginge word op twee maniere oorgedra:
  1. Die gesproke woord
  2. Rituele aksies
- In ATG word godsdienstige leringe, sedes, waardes en kennis deur storie vertel gekommunikeer.
- Dit staan as spreuke bekend.
- Mites (heilige stories wat sekere sleutelgebeure verduidelik) vorm 'n sleutelaspek van mondelinge tradisie.
- 'n Mondelinge godsdiens beteken nie dat die leringe daarvan slegs deur praat gedeel word nie.
- Aksies en rituele is 'n belangrike deel van ATG, bv. dit is deur die ritueel van voorvaderverering dat die geloof in voorvaders gekommunikeer word.
- In ATG is die opperwese 'onkenbaar'.
- Dit laat die gelowige stilbly daaroor.
- ATG het geen heilige geskrifte nie, maar godsdiens word in die denke en aksies van mense geskryf.
- Die daaglikse praktiese roetines versterk die mondelinge tradisie, bv. respek vir bejaardes, susters en broers en vir jouself.
- Die stam word gekonsulteer voordat enige aksie geneem word, eerder as om 'n boek te raadpleeg. (20)

3.4 Heilige teks verwys na die geskrewe normatiewe bron van 'n spesifieke godsdiens.

Islam as 'n voorbeeld:

- Moslems glo dat God Sy finale boodskap aan die mensdom deur die Profeet Muhammad geopenbaar het.
- Aangesien die Profeet ongeletterd was, het hy die openbaringe mondeling met sy volgelinge gedeel, wat dit neergeskryf het.
- Die teks wat die openbaringe bevat, staan as die Koran bekend.
- Hierdie boek word as die heiligste geskrif van Islam beskou.
- Dit word as die woord van God beskou.
- Die Koran kan nie van die taal waarin dit geopenbaar is, geskei word nie. (Arabies)
- Dit moet in daardie teks bestudeer word, om sodoende die korrekte betekenis te behou.
- Na die Koran is die belangrikste teks die Hadith.
- Dit bevat die gesegdes/woorde van die Profeet.
- Hadith toon die voorbeeld wat deur die Profeet gestel is.

Boeddhisme as 'n voorbeeld:

- Boeddha se sentrale leringe is in die drievoudige Kanon neergeskryf.
- Hierdie tekste staan as die Tripitaka bekend.
- Die drie dele is Vinaya Pitaka.
- Dit beskryf die gedragskode wat van Boeddhistiese monnike en nonne verwag word.
- Die Sutta Pitaka.
- Dit vertel stories uit Boeddha se lewe. Dit bevat Boeddha se leringe.
- Sutta beskryf die hoofkarakters, die plek en die rede waarom dit eers gepreek is.
- Die Sutta het ook sy eie interne literêre konteks, sy eie verduideliking van waaroor dit gaan.
- Abhidhamma Pitaka.
- Dit bevat filosofie, gedigte en kommentaar oor doktrines. (10)

[50]

VRAAG 4

4.1
- In 1893 het Chicago 'n uitstalling van industriële vooruitgang wêreldwyd gehou. Saam hierdie uitstalling is 'n aantal kongresse en parlemente gehou.
- Onder hulle was die Wêreldparlement van Godsdienste.
- Die organiseerders van die 1893-parlement het nie gedink dit gaan 'n geleentheid wees wat weer sal plaasvind nie.
- In 1989 het twee Hindoe-monnike voorgestel dat 'n eeufees van die parlement 'n goeie idee is.
- Dit het tot die tweede parlement, wat ook in Chicago gehou is, gelei.
- Meer as 8 000 godsdienstige leiers en skoliere van oor die wêreld het dit bygewoon.
- 'n Organisasie genoem Raad vir 'n Parlement van die Wêreldgodsdienste ('CPWR') is gestig.
- In 1993 het hierdie parlement 'n dokument, genoem 'Na 'n Globale Etiek' uitgereik en goedgekeur.
- Ongeveer 7 000 mense het hierdie parlement in Kaapstad bygewoon.
- Die 'CPWR' het 'n 16 bladsy-dokument oor die Kaapstadse Parlement uitgereik.
- Die volgende parlement het in Barcelona, Spanje plaasgevind.
- Dit het ongeveer 8 000 mense gelok.
- Hierdie parlement was deel van 'n groter gebeurtenis wat die 'Universal Forum of Cultures' genoem is. Dit het ongeveer 3 000 mense gelok.
- Die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede ('WCRP') is in 1970 gehou/gestig.
- Dit bestaan uit leiers van al die godsdienste in die wêreld.
- Hulle gemeenskaplike doel is vrede.
- Die 'WCRP' glo dat intergodsdienstige verhoudinge die beste manier is om mense van verskillende rasse, klasse en kulture met 'n gemeenskaplike doel saam te bring. (20)

4.2
- Die geskiedenis van intergodsdienstige verhoudinge het met godsdienstige konflik begin.
- Voorbeelde is die Kruistogte en sendelingwerk onder inheemse volke.
- Fundamentalistiese denke onder godsdienstige leiers het die ontwikkeling van harmonieuse verhoudinge in die verlede bemoeilik en kan dieselfde in die toekoms veroorsaak.
- Godsdiens kan as 'n wapen vir politieke voordeel gebruik word.
- Bv. Midde-Oosterse politiek, Hindoe-Moslem-verhoudinge in Indië, Sierra Leone, waar strydende gemeenskappe op godsdienstige gebied geskei is. Dieselfde gebeur in die Ivoorkus.
- Ekonomiese belange kan dialoog manipuleer onder godsdienste om skaars hulpbronne in die hande te kry.
- Bv. buitelandse belangstelling in Darfur a.g.v. Soedan se oliereserwes.
- Territoriale konflik wat godsdiens gebruik om emosies aan te wakker.
- Bv. Indië en Pakistan, Sri Lanka (konflik tussen Tamils en Boeddhiste). (10)

4.3
- Die hoof-/groot godsdienste in Afrika is die Christenskap, Islam en die Afrika Tradisionele Godsdiens.
- Ander godsdienste word ook gevind, soos Hindoeïsme, Boeddhisme en Baha'i.
- Hulle samewerking was ook duidelik in Suid-Afrika in die intergodsdienstige stryd teen apartheid.
- Die Raad vir Godsdienstige Leiers in Afrika ('ACRL') het in Abuja, Nigerië vergadering gehou.
- Die vergadering het benadruk dat godsdienstige leiers na sowel die geestelike as die materiële behoeftes van hulle gemeenskappe moet kyk.
- Die 'African Women of Faith'-netwerk het ontstaan.
- Hulle doel was om vroue toe te laat om tot verandering en ontwikkeling in Afrika by te dra.
- Baie van hulle projekte het die uitdagings van armoede en 'n tekort aan onderwys onder vroue behels.
- Die organisasie het ook geslagsgebaseerde geweld, wat in die naam van godsdiens gepleeg word, aangepak.
- Die Nasionale Godsdiensleiersforum ('NRLF') verteenwoordig die meeste godsdienste wat in Suid-Afrika beoefen word.
- Een van hul belangrike prestasies was die Sedeberaad wat in Oktober 1999 gehou is.
- Hulle is toegewy aan die kwessies van kinder- en vrouemishandeling en om bewustheid van MIV en Vigs te verhoog.
- Hulle het ook ten doel gehad om etiese en morele waardes en godsdiens in onderwys te bevorder.

(20)
[50]

VRAAG 5

5.1 *ATG as 'n voorbeeld:*
- Die idee van die wêreld sluit alles wat bestaan, in.
- Die wêreld word as 'n kosmos beskou eerder as net die aarde.
- Die heelal het nie 'n middelpunt nie.
- Hierdie begrip van die lewe staan as vitalogie bekend.
- Dit is onmoontlik om akkurate voorspellings oor die lewe te maak, omdat die lewe 'n element van verborgenheid/geheimsinnigheid bevat.
- Onsekerheid is in die lewe self ingebou.
- Hierdie fundamentele onsekerheid dryf mense en ander lewende wesens om sekerheid te soek.
- Dus word godsdiens in ATG noodsaaklik.

Christenskap as voorbeeld:
- Volgens die Christelike godsdiens was daar niks anders as chaos in die begin nie.
- Die boek Genesis sê dat God die wêreld en die heelal in ses dae geskape het en op die sewende dag gerus het.
- Die wêreld was perfek nadat die Heilige Drie-eenheid met die skepping klaar was.

- Mense-, see-, diere- en plantelewe behoort alles aan God.
- Volgens die Christelike begrip is die wêreld onderwerp aan die regering van die mensdom.
- Maar in God se beheer.
- Net soos God die wêreld geskep het, kan hy dit ook vernietig.
- Hy sal die wêreld wat met boosheid geïnfesteer is, vernietig en 'n nuwe een skep. (10)

5.2 *ATG as voorbeeld:*

- In ATG ontstaan boosheid uit menslike aksies/optrede.
- Dit is vir mense moontlik om op so wyse op te tree dat dit teen etiese beginsels is, om te beskerm en om lewe te bevorder.
- Dit kan baie vorms aanneem, soos om die 'lewende dooies' te ignoreer.
- Dit is die voorvaders.
- Die etiese beginsel kan ook geskend word deur ander te na te kom deur die gebruik van heksery of deur 'n onrespekvol geaardheid.
- In ATG bestaan boosheid in die moedswillige versteuring en ontwrigting van die gemeenskaps- en kosmiese orde.
- Die lewende dooies kan glo boosdoeners straf.
- Die rol van boosheid is om die gemeenskaps- en kosmiese orde te ontwrig.

Christenskap as 'n voorbeeld:

- Volgens die Christelike geloof het God nie boosheid geskep toe Hy die wêreld geskape het nie.
- Hy het 'n perfekte wêreld met perfekte menslike wesens geskep.
- Boosheid is later deur menslike aktiwiteite bekendgestel, toe Adam en Eva God se opdragte nie gehoorsaam het nie.
- Christene noem hierdie tipe ongehoorsaamheid 'sonde'.
- Christene glo dat boosheid dikwels deur Satan gebruik word, wat eers God se engel was, maar teen God gerebelleer het.
- Boosheid skei mense van God, hulle Skepper.
- Dit maak mense vreemdelinge in God se oë.
- Maar God het 'n geneesmiddel vir hierdie vervreemding deur Jesus Christus. (10)

5.3 *ATG as 'n voorbeeld:*

- Die geneesmiddel om boosheid te oorkom, (madimabe) is 'n rituele reiniging.
- Hierdie reiniging staan bekend as 'go tlhapisiwa' (om skoon gemaak te word in Sesotho of Setswana), wat veronderstel is om die lewende dooies te paai.
- Dit laat die boosdoener met die groter gemeenskap versoen.
- Die lewende dooies kan ook boosheid met siekte, droogtes en vloede straf.
- In hierdie geval sal die gemeenskap geskikte reinigingsprosedures volg om die lewende dooies te paai en hulle met die gemeenskap te laat versoen.
- Die tradisionele leier (sangoma) hou die sleutel tot rede en genesing vir reiniging.
- Deur jou ontwrigtende optrede reg te maak, kan die boosdoener met die gemeenskap of die voorvaders versoen.

Christenskap as 'n voorbeeld

- Christene glo dat boosheid nie oorkom kan word solank daar sonde is nie.
- Na die eerste sonde het die menslike natuur vatbaar geword vir bose bedoelings en aksies.
- Daar is 'n voortgesette stryd tussen goed en boos, donkerte en die lig, Satan en God.
- Uiteindelik sal God Satan oorwin.
- Hierdie oorwinning sal met 'n katastrofiese beëindiging van hierdie wêreld gepaardgaan, en die begin van 'n nuwe een.
- Christene glo dat deur die geboorte, dood en opstanding van Jesus is die oorkom van sonde moontlik gemaak.

Jesus leer dat die antwoord op sonde, goeie optrede moet wees. (10)

5.4 *ATG as 'n voorbeeld:*

- Die lewe is gebaseer op die ingewikkelde verhoudinge tussen alle menslike wesens.
- Die ATG-beginsel is 'Ek is verwant, daarom is ek.' (Ubuntu)
- Die gemeenskap is die onvermydelike bron waarvandaan die individu die betekenis van die lewe afgelei word.
- Die individu kan nie groei of ontwikkel sonder die gemeenskap nie.
- Die verantwoordelikheid van die mensdom is om in harmonie saam te lewe, en met die voorvaders.
- Die gemeenskap moet ook die individu erken en respekteer.
- ATG bestaan uit drie dimensies: lewendige mense, die lewende dooies en die wat nog gebore moet word.
- Geheue is die sement wat die drie groepe saambind.

Christenskap as 'n voorbeeld:

- Christene glo dat mense na die beeld van God geskape is.
- Nadat Adam en Eva geskep is, het God hulle beveel om na die tuin van Eden en die hele skepping om te sien.
- As mede-skeppers met God, is mense God se verteenwoordigers op aarde.
- God het hulle aangestel om na sy eiendom, die wêreld, om te sien.
- Mense is aan God verantwoordelik.

(10)

5.5 *ATG as 'n voorbeeld:*

- Wanneer 'n mens sterf, gaan hy/sy na die land van die geeste toe.
- Hierdie wêreld na die dood word as 'n plek beskou, 'n ruimte wat deur die lewende dooies opgeneem word.
- Van hierdie wêreld af hou die lewende dooies die dade van die lewendiges dop en beskerm of straf hulle en verskyn soms aan hulle.
- Die dood neem hulle weg van die planeet aarde, maar neem nie die lewe weg van hulle nie.
- Die dood verander hulle is onsigbare maar lewendige wesens.
- Daar is geen hemel of hel in die tradisionele begrip van lewe nie.
- Maar dit beteken nie dat na die dood is alle mense outomaties dieselfde nie.
- Boosdoeners word bose geeste wanneer hulle sterf.
- Hulle treiter die lewendiges en beïnvloed hulle om sleg te doen.

Christenskap as 'n voorbeeld:

- Christene glo dat mense onsterflik geskep is.
- Adam en Eva het egter nie God se bevele gehoorsaam nie.
- Die straf vir hierdie sonde was die dood van die mens.
- Selfs na hierdie verdoemenis het God steeds probeer om die mens van boosheid en die dood te bevry.
- Na die dood voorsien Christene 'n nuwe gemeenskap wat deur liefde, sorgsaamheid en om te deel gekenmerk sal word.
- Die boosdoener se bestemming na die dood is ewige lyding in die hel.
- Dit sluit ook die duiwel in. (10)

[50]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou